Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA&R 33\06

Datum gelewer: 2006-05-30

In die kamerappél van:

**MATTHEWS WILLIAMS** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* VAN NIEKERK WnR

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant is skuldig bevind op sy aangebode skuldig pleit op 'n aanklag van verkragting en is daarna gevonnis tot tien jaar gevangenisstraf. Hy kom nou met verlof van die verhoorhof in hoër beroep teen die opgelegde vonnis.

2. Uit die skriftelike pleitverduideliking blyk dit dat die appellant wederregtelik en sonder toestemming gemeenskap gehad het met sy tante, 'n 61-jarige dame. Hy was dié betrokke dag onder die

invloed van mandrax en dagga, maar het volgens die pleitverduideliking geweet wat hy doen. Volgens die appellant was hy op pad vanaf sy vader se huis toe hy die klaagster nakend in die pad sien lê. Sy was onder die invloed van drank. Hy het haar gevra vir toestemming om met haar gemeenskap te hou, maar sy het geweier. Hy het toe desnieteenstaande tog voortgegaan om sonder haar toestemming met haar gemeenskap te hou. Hy het die volgende dag sy moeder vertel van wat hy gedoen het, aangesien sy gewete hom gepla het.

3. Die klaagster het geen fisiese beserings opgedoen nie. Sy het getuig tydens die vonnisverrigtinge en die landdros het dit op rekord geplaas dat sy bejaard is, moeisaam loop en baie kranklik voorkom.

4. Die appellant se persoonlike omstandighede was volg:

4.1 Hy was 21 jaar oud ten tyde van die voorval.

4.2 Hy was ongetroud en ‘n eerste oortreder.
4.3 Hy was werksaam by ‘n Mnr. Van Niekerk waar hy R150 per week verdien het.
4.4 Die appellant het tot standerd 6 gevorder op skool, maar moes sy studies staak weens ‘n gebrek aan fondse.

5. Die landdros het bevind dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan nie en het die voorgeskrewe minimum vonnis soos vervat in artikel 51 van Wet 105 van 1997 van tien jaar gevangenisstraf opgelê. In sy uitspraak op vonnis het die landdros

groot klem gelê op die ouderdom van die klaagster, die feit dat sy die appellant se tante was asook die feit dat die misdryf van verkragting skrikwekkende afmetings toon in die jurisdiksiegebied van die streekhof (Gordonia te Upington).

6. Met verwysing na die beslissing in **S v Zitha 1999(2) SASV 404 (WLD)** het die landdros daarop gewys dat jeugdigheid *per se* nie wesenlike en dwingende omstandighede daarstel nie. Hierdie bevinding is uiteraard korrek, maar meen ek dat in die onderhawige saak daar ook ander bykomende faktore is wat, kumulatief in ag geneem met die appellant se relatiewe jeugdigheid, 'n afwyking van die minimum vonnis van 10 jaar gevangenisstraf geregverdig het. Die appellant het skuldig gepleit en het in sy skriftelike pleitverduideliking voorgehou dat hy berou het oor die voorval. Hierdie berou wat die appellant uitgespreek het, is na my mening opreg, inaggenome die feit dat dit die appellant is wat die dag na die voorval sy moeder daarvan verwittig het, aangesien sy gewete hom gepla het. Verder het die appellant 'n skoon rekord en blyk hy nie bloot 'n nuttelose burger in die samelewing te wees nie; hy het per slot van sake 'n voltydse werk beklee waar hy R150 per week verdien het. Wanneer al hierdie faktore, tesame met die appellant se relatiewe jeugdigheid, die feit dat hy tot 'n mate onder die invloed van dwelmmiddels was tydens die voorval, sowel as die feit dat die klaagster geen beserings opgedoen het nie, kumulatief in aanmerking geneem word, is ek die mening toegedaan dat die landdros fouteer het deur te bevind

dat daar nie wesenlike en dwingende omstandighede hierin bestaan nie.

7. ‘n Verswarende faktor is natuurlik die feit dat appellant so ‘n bejaarde dame, wat boonop sy tante was, verkrag het. ‘n **S v Masilela 2000(1) SACR 571 (W)** het die appellant, ‘n 34-jarige man wat ‘n vorige veroordeling vir aanranding gehad het, ‘n 70-jarige dame verkrag terwyl die appellant onder die invloed van alkohol was. Op appél is die opgelegde vonnis van 5 jaar gevangenisstraf waarvan 2 jaar voorwaardelik vir 5 jaar opgeskort was, vermeerder na 8 jaar gevangenisstraf. In die uitspraak maak Claassen R die volgende opmerkings te 574 B:

> “In my view, this case also calls for intervention by increasing the sentence. In the present instance the severity of the crime is aggravated by the advanced age of the complainant and the fact that she suffered internal injuries.”

Ek verwys na hierdie saak, omrede die feite min of meer dieselfde is as in die onderhawige saak, behalwe natuurlik vir die belangrike onderskeid dat die klaagster in die **Masilela**-saak inwendige beserings opgedoen het, terwyl die klaagster in die onderhawige saak geen beserings hoegenaamd opgedoen het nie. Verder is die ander belangrike onderskeidende faktor die ouderdom van die appellant in die onderhawige saak, sowel as sy skoon rekord. In die omstandighede meen ek dat ‘n vonnis van 8 jaar gevangenisstraf waarvan 2 jaar op sekere voorwaardes opgeskort word ‘n gepaste vonnis sal wees in hierdie saak.

8. Ek reik die volgende bevel uit:

**8.1 Die appellant se skuldigbevinding word bekragtig.**

**8.2 Die appél teen vonnis slaag.**
**8.3 Die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende:**

"***Agt (8) jaar gevangenisstraf waarvan twee (2) jaar opgeskort word vir 'n tydperk van vyf (5) jaar op voorwaarde dat die appellant nie skuldig bevind word aan verkragting of onsedelike aanranding waarvoor hy gevonnis word tot onopgeskorte gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete en wat gepleeg is gedurende die tydperk van opskorting nie*.**"

**8.4 Ingevolge die bepalings vervat in artikel 282 van die Strafproseswet, 51 van 1977, word die vonnis terug-gedateer tot 16 November 2005.**

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

**Ek stem saam:**

**JG VAN NIEKERK**

**WAARNEMENDE REGTER**

---

NAMENS APPELLANT : ADV BB SEGONE
NAMENS RESPONDENT : ADV MGW BAGANENENG
DATUM VAN UITSPRAAK : 2006-05-30